



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: lekkerbekkie@annaemm.co.za

Die te groot skoene deur Anna Emm

Victor het gister verjaar, en vandag het die posman 'n groot pakkie kom aflewer. Dis 'n present van sy oom wat oorsee woon. Victor het sy oom nog nooit gesien nie, maar sy oom stuur elke jaar vir hom 'n present as hy verjaar.

Victor maak die pakkie opgewonde oop. Daar is 'n kaartjie wat sê: "Liewe Victor. Ek is nie seker hoe oud jy vandag is nie, maar ek dink dit is twintig. Baie geluk!" Saam met die kaartjie is daar 'n paar nuwe skoene in die pakkie – yslike groot skoene, heeltemal te groot vir 'n seuntjie wat maar net ses is!

"My oom is seker deurmekaar," lag Victor. "Hy dink ek is al groot, en ek is nog klein."

Die te groot skoene pas glad nie vir Victor nie. Hy loop slop-slop en skuif-skuif met die skoene oor die gras, en val amper óm daarmee! "Agge nee," sug hy. "Wat gaan ek nou met hierdie skoene maak? Dalk moet ek dit bêre tot ek twintig is, maar dis nog baie, baie lank..."

Skielik trek iemand hier langs sy voet aan die vetertjie van een van die te groot skoene. Victor kyk af, en sien twee muise op die gras. "Waar kry jy hierdie wonderlike skoene?" vra hulle nuuskierig, en dekyk die skoene van voor en agter.

Victor vertel vir die muise dat sy oom gedink het hy is al groot, en toe stuur hy vir hom hierdie te groot skoene vir sy verjaardag.

"Mmmm," sê die muise, "ons sien jou probleem. Dalk kan ons 'n ruil maak? Jy kan vir óns hierdie skoene gee, en dan sal ons vir ietsie anders gee? Jy sien, ons wil vreeslik graag by ons maatjies aan die ander kant van die dorp gaan kuier, maar dis te ver om te loop. Met sulke groot skoene sal ons baie vinniger kan loop en dan sal ons sommer gou-gou daar wees!"

Victor gee glad nie om om die te groot skoene vir die muise te gee nie. Met groot ogies kyk hy hoe die een muis die linkerskoen aantrek, en die ander die regterskoen. En toe lag hy tog te lekker toe die muise oor die gras loop met die groot skoene! Dit lyk baie snaaks, want die muise sit binne in die skoene weggesteek, en nou lyk dit of die skoene sommer so alleen en vanself oor die gras loop! Victor kyk tot die skoene om die hoek op die sypaadjie verdwyn, en dan onthou hy eers dat die muise gesê het hulle sal vir hóm ook ietsie gee. Hy wonder wat dit kan wees?

Twee dae later kom die muise terug van die anderkant van die dorp af, en kom vertel vir Victor hoe vinnig die te groot skoene geloop het. "Nou wil al die ander muise ook sulke skoene hê!" lag hulle.

En raai? Hulle het sowaar vir Victor 'n paar pragte blinkblou tekkies saamgebring van die dorp af – net mooi reg en nommerpas vir 'n seuntjie van ses.

Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinderstorie-produkte!
Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za

Gratis inkleurprentjie

Die te groot skoene

illustrasie deur Elanie Bieldt



Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinder storie-produkte!
Kontak lekerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za